Navrae
Enquiries MNR. A. KHANA
IMibuzo

Telefoon
Telephone 403-6911
IFoni

Faks
Fax 419-5967
IFeksi

Verwysing
Reference 7/2/4
ISalathiso

PROVINSIALE ADMINISTRASIE WES-KAAP
**Onderwysdepartement**
PROVINCIAL ADMINISTRATION WESTERN CAPE
**Education Department**
ULAWULO LWEPHONDO LENTSHONA KOLONI
**ISebe leMfundo**

OMSENDBRIEF 0069/99

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE EN DIREKTEURE (HOOFKANTOOR), AREA- EN KRINGBESTUURDERS, VAKADVISEURS EN VAKADVIESDIENSTE, HOOFDE VAN SKOOLKLINIEKE, EDULIS, ONDERWYSERSENTRUMS EN ANDER SENTRUMS

**VERLOFBEDELING VAN OPVOEDERS AAN ONDERWYSINRIGTINGS EN BY KANTORE BUITE SKOLE**

1. Gedurende die eerste kwartaal van 1997 het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) met inagneming van die werkomskrywings van opvoederpersoneel, die verlofbedelings van die onderstaande opvoederkategorieë bepaal. Dit is gedoen ooreenkomstig die nasionale beleid uiteengesit in die Regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1994.

2. Die verlofmaatreëls vir die onderskeie kategorieë opvoeders is soos volg:

2.1 Opvoeders wat <u>onderrig</u> gee (onderwysers aan skole, dosente aan onderwyskolleges en lektore aan tegniese kolleges) en nie normaalweg verplig is om gedurende nie-onderrigtye (bv. vakansies) diens te verrig nie, kwalifiseer vir hoogstens 12 dae verlof per kalenderjaar.

2.2 Opvoeders met 'n <u>onderrigbestuursfunksie</u>, wat kantoorgebonde is en derhalwe gedurende nie-onderrigtye met dienslewering voortgaan (bv.Areabestuurders), en

(a) voor 1 Julie 1966 aangestel is: 38 dae per jaar

(b) na 1 Julie 1966 aangestel is, met

(i) tot 10 jaar voltooide diens: 30 dae per jaar
(ii) na 10 jaar voltooide diens: 36 dae per jaar



PROJEK 166-GEBOU
HANS STRIJDOMLAAN 22
PRIVAATSAK X9114
KAAPSTAD 8000

PROJECT 166 BUILDING
22 HANS STRIJDOM AVE
PRIVATE BAG X9114
CAPE TOWN 8000

(c) aangestel is kragtens die Staatsdienswet, 1994:

(i) Beamptes wat voor 1 Julie 1966 aangestel is en wat ingedeel was ingevolge die voorhersiene vakansieverlof by:

- Groep 1A 38 dae per jaar
- Groep 1B 36 dae per jaar

(ii) Beamptes wat op of na 1 Julie 1966 aangestel is en wat onderstaande diens voltooi het:

- Tien jaar of langer 36 dae per jaar
- Minder as tien jaar 30 dae per jaar

2.3 Opvoeders wat <u>vakadviserende of professionele onderwysondersteuningsdiens verrig</u> (bv. kringbestuurders, hoofde van skoolklinieke) en gedurende nie-onderrigtye nie ten volle met hierdie werk kan voortgaan nie, maar verpligte kantoorwerk verrig, kwalifiseer vir

(a) 26 dae oplopende vakansieverlof per jaar; en

(b) 24 dae nie-oplopende vakansieverlof, wat gedurende skoolvakansies toegestaan kan word aan opvoeders wat op 31 Desember van 'n bepaalde jaar 'n dienstyd van een jaar of langer voltooi het.

(Die nie-oplopende verlof van opvoeders met minder as een jaar diens, wat gedurende skoolvakansies in daardie jaar toegestaan word, word bereken op een dag nie-oplopende verlof vir elke 15 volle dae diens.)

(c) Indien opvoeders gedurende tydperke van nie-oplopende verlof tydens skoolvakansies diens verrig, word 'n verdere een dag oplopende vakansieverlof tot hul krediet toegevoeg vir elke twee dae wat hulle diens verrig tot 'n maksimum van 12 dae. Vakansieverlofroosters word bepaal deur die inrigtingshoofde.

3. In die lig van die veranderde benadering tot die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se onderwysbestuursfunksies, is goedkeuring verleen dat opvoeders in die onderwysbeheerstrukture van die WKOD vir die doeleindes van die toekenning van toepaslike verlofbedelings soos volg geklassifiseer word:

3.1 <u>Kantoorgebonde personeel</u>

(a) Alle personeel verbonde aan die Hoofkantoor van die WKOD en wat by posvlak 5 en hoër (voorheen posvlak 7 en hoër) ingedeel is.

(b) Alle Areabestuurders verbonde aan kantore van die WKOD.

(c) Die hoofde verbonde aan die onderwysmediadienste van die WKOD.

(d) Die hoofde van die onderskeie onderwysersentrums van die WKOD.

(e) Personeel op posvlak 4 en laer (voorheen posvlak 6 en laer) wa hoofsaaklik kantoorgebonde is.

3.2 Veldpersoneel

Personeel op posvlak 4 en laer (voorheen posvlak 6 en laer) wie se pligte d vereis dat hulle professionele ondersteunende en/of onderrigleidingsfunksie moet verrig, wat nie hoofsaaklik kantoorgebonde is nie.

4. Kantoorgebonde personeel kwalifiseer derhalwe vir die verlofbedeling soos i paragraaf 2.2 hierbo uiteengesit, terwyl veldpersoneel vir dié in paragraaf 2.: hierbo kwalifiseer.

5. Opvoeders moet sorg dra dat hulle aansoekvorms om vakansieverlof korrel voltooi word ten einde te verseker dat hul verlofkrediete aangeteken word.

6. Indien die pligstaat van 'n opvoeder gewysig word, kan dit meebring dat sy of haa verlofbedeling aangepas moet word.

7. Bogemelde verlofmaatreëls het met ingang van 1 Januarie 1997 in werking getree. Kantoor- en inrigtingshoofde moet asseblief die verlofbedeling van alle opvoeders verbonde aan die betrokke kantoor of instansie (uitgesonderd dié ir paragraaf 2.1) bepaal. Hul name en verlofbedelings ingevolge paragraaf 4 var hierdie omsendbrief moet aan mnr. C. Hector: Direktoraat: Personeelbestuur, Kamer 1323, voor 31 Augustus 1999, voorgelê word, waarna die betrokkenes se verlofkrediete herbereken en hulle van korrekte besonderhede voorsien sal word.

8. Hierdie omsendbrief vervang Omsendbrief no. 20/97 gedateer 14 Maart 1997, met uitsondering van paragraaf 7 wat bepaal dat die maatreëls vanaf 1 Januarie 1997 van krag is.

nms. **HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 1999-07-15.